BASIESE RIGLYNE VIR ‘N HERMENEUTIEK VAN DIE KANON

Ds Eric Kayayan – Foi et Vie Réformées

Inleiding	bl.2
1. Hermeneutiek: ‘n Definisie	bl.3
2. Hermeneutiek en die Bybel	bl.4
3. Hermeneutiek van die Kanon: ‘n konfessionele omskrywing	bl.6
4. Die Skrif as Kanon is anders as ander geskrifte	bl.8
5. Die Heilige Gees as Eerste Outeur (*Auctor Primarius*) van die Kanon	bl.11
6. ‘n Hermeneutiek van die Kanon vanuit ‘n geloofstandpunt is ‘n hermeneutiek wat erkenning gee aan die transendente [goddelike verhewe] karakter van die Kanon	bl.12
7. Die Kanon en die eenheid van die Openbaringsinhoud	bl.13
8. Die fokus van die Kanon: die vleesgeworde Woord Jesus Christus die ewige Seun van God	bl.15
9. Een Kanon in twee aflewerings	bl.17
10. Die Woord is bedoel om gepredik te word	bl.20
11. My interpretasie teen jou interpretasie?	bl.22
12. Is die Kanon die teks van die Skrif of die konteks waarin die teks ontstaan het?	bl.28
13. ‘n Hermeneutiek van die Kanon word op Christus se twee nature gefundeer	bl.33
14. Gevolgtrekking	bl.37
Opsomming	bl.38

Inleiding

-Die doel van hierdie opstel is om te besin oor die sentraliteit van die begrip "Kanon" vir die uitleg van die Skrif. Hierdie stuk is nie bedoel om 'n teologies-tegniese studie te wees nie, maar om Christene te help wat ernstig is om 'n greep te kry op die debat oor hermeneutiek wat wyd aan die gang is in die kerklike lewe, en talle aspekte hiervan met aangrypende gevolge aanraak. Dit gaan dus hier nie oor die historiese vorming van die Kanon van die Skrif nie, iets wat in talle ander publikasies wyd bestudeer en bespreek is en met groot baat gelees behoort te word. Dit gaan ook nie hier oor 'n bespreking van verskillende 'teorieë' oor die inspirasie van die Skrif nie (organiese inspirasie teenoor meganiese inspirasie ens.) Daar sal ook nie 'n metode vir die eksegese van verskillende teksgedeeltes verduidelik of voorgeskryf word nie. Eerder gaan dit oor die Kanon as sleutelbegrip vir die verstaan van die Skrif beide in sy verskeie gedeeltes en in sy geheel, sodat dit aan die aard van die Bybel as Heilige Skrif reg laat geskied.

-Hierdie opstel is teologies van aard, omdat die vraagstuk wat ter sprake kom teologies is. As sodanig kan en mag dit nie oppervlakkig gehanteer word nie. Die lees hiervan veronderstel egter geen gespesialiseerde kennis waaroor slegs toeloë sou beskik nie. Enige Gereformeerde lidmaat wat deeglik gekatkiseer is en ernstig is oor die onderwerp, behoort in staat te wees om te verstaan wat hier geskryf is, en krities hieroor te besin, natuurlik met die nodige aandag wat die lees van so 'n teks veronderstel. Begrippe wat moontlik nie deur almal bekend is nie, word deurlopend verduidelik.

-Terwyl die volgende opmerkings uit 'n Gereformeerd-konfessionele standpunt geskryf is, soos duidelik sal word uit die manier waarop die Nederlandse Geloofsbelydenis (hierna NGB) gereeld aangehaal is, word hulle ook gemaak met 'n apologetiese doel in die oog [*apologeties*: wat betrekking het tot die verdediging van die Christelike leer]: daar word dus tot 'n mate gereken met standpunte wat nie Gereformeerd-konfessioneel is nie. Uiteenlopende posisies in dié verband word toegelig sodat die verskil tussen hulle vir die leser duideliker kan word. Met die doel hierop sal daar sekere stellings gemaak word wat op die oog af vanselfsprekend mag klink, maar wat tog uitgestippel moet word ter wille van een of ander aspek wat op 'n stadium aangeraak sal word.

-Voetnotas is bygevoeg om die lees van die hoofteks vir die leser nie te bemoeilik nie. Hulle is nie bibliografies van aard nie, ook nie tegnies nie, maar bied 'n verdere verklaring, of aanhalings, ter ondersteuning van die hoofteks.

1. Hermeneutiek: ‘n Definisie

Die woord “hermeneutiek” verwys na die benadering en algemene reëls wat as geldig aanvaar word vir die uitleg van die betekenis van ‘n teks. Hulle behoort op samehangende wyse dit moontlik te maak om die verskillende gedeeltes van ‘n teks te kan peil en elkeen te kan plaas binne sy onmiddellike konteks asook binne die groter konteks waar dit verskyn[1]. So behoort dit vir die lesers moontlik te maak om die teks op sinvolle wyse op hulleself te betrek.

Die begrip *hermeneutiek* berus dus op die aanname dat daar verstaanbaarheid bestaan in die wêreld, sodat daar by die betekenis van ‘n teks uitgekom kan word. Dit impliseer op sigself dat dit moontlik is om die menslike verstand aan te wend vir so ‘n aktiwiteit; dit impliseer ook dat dit nie net moontlik, maar ook wenslik is om by so ‘n peiling uit te kom: hierdie begrip getuig dus dat die mens op soek is na *betekenis,* na bevredigende antwoorde op vrae wat ontstaan by die lees van ‘n teks en resoneer met vrae wat hy op ander vlakke het. Daardeur probeer die mens om sy denkraamwerk en sy uitkyk op die werklikheid uit te brei: hy doen dit met die doel om die verstaanbaarheid wat hy vooraf aanvaar *wel daar is*, stelselmatig en tastend te eksploreer en ontsluit, en rekenskap hiervan aan homself te gee. Iemand wat sou ontken dat verstaanbaarheid in die wêreld wel bestaan (al moet dit soms op moeilike wyse ontsluit word) het uit die aard van die saak geen belang in hermeneutiese sake nie. Hierdie

[1] Die verhouding tussen die konteks van die groter teks en die sosio-historiese konteks van die ontstaan van elke gedeelte, word later bespreek (in besonder in voetnota 2 en par. 12). Wat hier bedoel word, om bloot ‘n voorbeeld te noem, is dat die boek Habakuk nie in die Quran as breër geheel te vinde is nie, maar in die Bybel, iets wat bepalend is vir die uitleg hiervan. ‘n Ander voorbeeld: die uitleg van die boek Genesis deur die klein Samaritaanse gemeenskap wat vandag nog in Israel bestaan, word noodwendig beïnvloed deur die feit dat die Samaritane net die Pentateuch as Heilige Skrif erken.

hoofmotief wat die soektog na die betekenis van ‘n teks dryf, moet egter nie los van ‘n mens se vooronderstellings verstaan word nie (sy voorafgaande persepsies, sy behoeftes om ‘n onbevredigende situasie te verander, sy basiese aannames oor die ontstaan en bestaan van die wêreld, oor die aard van menslike verhoudings ens.).

2. Hermeneutiek en die Bybel

Toegepas op die Bybel konfronteer die keuse van hermeneutiese benadering ‘n mens met sy eie aannames i.v.m. die oorsprong, aard en doel van die Bybel. Verder, uit die lees van die literatuur wat deur die eeue oor die Bybel geskryf is, is dit ook duidelik dat verskillende hermeneutiese modelle hierop toegepas is, sommige na aan mekaar, ander wyd uiteenlopend. Dit wat as die inhoud van die Bybel gesien of geglo word, word noodwendig deur die hermeneutiese model of metode wat aangewend is, tot ‘n mate bepaal. Hierdie modelle moet dus van mekaar onderskei kan word om te verstaan hoekom die uitleg van een en dieselfde gedeelte soms so baie verskil onder die pen van verskillende skrywers[2].

[2] Kom ons noem en beskryf kortliks net enkele van hierdie modelle. **Allegorisering**: onder die invloed van die Griekse filosoof Plato (427-348 vC) se dualistiese wêreldbeskouing - wat die tasbare werklikheid slegs as ‘n vae weerspiëling van ‘n vaste wêreld van onveranderlike idees beskou het - is daar agter elke teksgedeelte ‘n dieper geestelike betekenis gesoek. Die letterlike betekenis is maar net ‘n aanduiding van ‘n hoër, geestelike, betekenis. Kerkvaders soos Clemens van Alexandrië (ong. 155- ong. 220), Origenes (ong. 185 – ong. 254) en Augustinus (354-430) het dikwels allegorie as ‘n metode van uitleg van die Skrif gebruik, deur ‘n spesifieke punt van doktrine direk in te lees in gedeeltes wat letterlik nie so verstaan kan word nie; ook met die doel om aan gedeeltes wat op intellektuele of morele vlak vir hulle ongeloofwaardig gelyk het, ‘n meer aanvarbare betekenis - vergeestelik - toe te ken. Hierdie benadering is tydens die Middeleeue (met die sg. Skolastiek) na vier vlakke van betekenis uitgebrei: die letterlike betekenis; die morele betekenis, wat lesse vir die mens se lewenswandel ingehou het; die allegoriese betekenis en laastens die *anagogiese* betekenis, wat ‘n hemelse betekenis uit aardse gegewens afgelei het. Bv. ‘n verwysing na *water* in die Bybel kon *letterlik* opgeneem word; na *morele* suiwerheid verwys; *allegories* as die praktyk van die doop gesien word; *anagogies* die ewige lewe in die Nuwe Jerusalem aandui (soos in Op. 22:1). Daar was tog ook tydens die laat Middeleeue ‘n sterk beweging na die **letterlike uitleg** van die Skrif, met o.a. die Franse Nicholas van Lyra (1265-1349), wat die taal Hebreeus asook Rabbiniese kommentare besonder goed bemeester het, en self twee volledige kommentare oor die Bybel geskryf het. Reeds in die vroeë Christelike tydperk het die skool van Antiogië die letterlike en historiese uitleg van die Skrif beklemtoon (in onderskeid met die skool van Alexandrië, waaraan Clemens en Origenes behoort het). Op

Deesdae kom twee uiteenlopende standpunte (met verskeie graderings tussenin) dikwels ter sprake in verband hiermee:

-Word daar gepraat van die betekenis van ‘n teks soos die outeur hiervan dit bedoel het, en wat presies op dieselfde manier deur enige leser gepeil en verstaan kan word, ongeag sy kulturele omgewing en die persoonlike omstandighede waarin hy/sy homself/haarself bevind? In so ‘n geval eien dan almal die teks aan hulleself en pas dit aan hulleself presies op dieselfde manier toe.

-Óf word daar gepraat van die betekenis van ‘n teks soos elke leser dit vir homself sal toeeien in sy besondere omstandighede? In lg. geval moet daar ‘n proses van rekonstruksie van betekenis plaasvind wat van leser tot leser gaan verskil, met die oog op elkeen se sosio-historiese situasie en met behulp van elkeen se sosio-kulturele denkraamwerk. In sy uiterste vorm,

---

sy beurt het die Reformasie die klem gelê op die noodsaaklike **grammaties-historiese** studie van elke gedeelte: die betekenis moet begin vasgestel word deur die grammatikale verband en die historiese ligging van die teks te bepaal binne die breër kanoniese konteks waar dit verskyn. Die studie van die oorspronklike tale, om te reken met die soort literêre genres, die historiese konteks, die geografie en lewensomstandighede, al hierdie is noodsaaklik om ‘n bepaalde gedeelte eers in sy onmiddellike konteks, dan in sy breër Openbaringshistoriese konteks te kan peil. Binne die breër kanoniese konteks word egter teologie en geskiedenis nie van mekaar geskei nie. In dié opsig kan Calvyn (1509-1564) as die eerste sistematiese verklaarder van die Skrif volgens die grammaties-historiese metode beskou word. Luther (1483-1546), wat tog hier en daar nog allegorië gebruik het, het sover gegaan as om te sê: “*Wat is teologie, behalwe as grammatika toegepas op ‘n teks?”* Hy het egter nie sonder ‘n sentrale hermeneutiese sleutel gewerk, wat in al sy eksegetiese werke bespeur kan word, nl. die leer oor die regverdiging deur die geloof alleen. Die hedendaagse skuif vanaf die grammaties-historiese benadering na die **sosio-historiese benadering** plaas die fokus grotendeels op die eerste hoorders: dit veronderstel ‘n betroubare kennis van die sosio-kulturele omstandighede van die eerste hoorders/lesers van elke gegewe teks, en derhalwe ook ‘n redelik presiese datering van sodanige teks (waarsonder die sosio-historiese omstandighede van ‘n eerste hoorder uiteraard nie bekend kan word nie). Die lewenskyk van hierdie eerste hoorders en die manier waarop hulle ‘n teks sou ontvang en verstaan het binne eie omstandighede – soos lg. vandag rekonstrueer word aan die hand van beskikbare gegewens – speel ‘n leidende hermeneutiese funksie. M.a.w. die vermeende ontvangs van die teks deur die eerste hoorders bepaal grootliks hoe ons vandag die inhoud van die teks moet verstaan: uit hierdie *interpretasie* van die oorspronklike konteks van die eerste lesers/hoorders kan daar beweeg word na ‘n toegepaste *interpretasie* van die teks met die oog op ons huidige sosio-historiese konteks.

veronderstel hierdie standpunt dat daar netsoveel betekenisse aan ‘n teks geheg kan word as wat daar lesers hiervan bestaan.

Om by ‘n bevredigende keuse i.v.m. hierdie vraagstuk te kan kom sal ‘n mens die aard van die teks waarmee ons onsself hier besig hou (die Bybel), verder moet omskryf. Die wyse waarop so ‘n verdere beskrywing gedoen sal word, sal bepaal of die voorgestelde alternatief geldig is of nie.

3. Hermeneutiek van die Kanon: ‘n konfessionele omskrywing

Die uitdrukking “hermeneutiek van die Kanon” bring ons dus by ‘n verdere omskrywing, wat te doen het met die besondere aard van die Bybel as Heilige Skrif[3], weliswaar ‘n geloofstandpunt wat nie deur elke leser van die Bybel bely word nie. Dit is derhalwe noodsaaklik om weer duidelik te onderskei tussen die aard van uitlopende standpunte in dié opsig, en om uit te brei oor bg. geloofstandpunt, in besonder oor sy totstandkoming.

Hierdie geloofsvertrekpunt kan nooit toegeskryf word aan ‘n menslik-rasionele proses van wetenskaplike ondersoek, gebaseer op ‘n induktiewe

[3] Die woorde *Bybel, Skrif, Kanon, Openbaring, Woord,* is baie na aan mekaar, en tog verskil hulle van mekaar. Daarom moet hulle kortliks onderskei word. Terwyl die woord “*Bybel*” verwys na dieselfde boek waaroor mense van verskillende geloofsoortuigings ‘n gesprek sou kon voer deur diéselfde woord hiervoor te gebruik, het die woord “*Skrif*” beslis ‘n konfessionele konnotasie. Die enkelvoud *Skrif* (i.p.v Skrifte) verenig die verskillende geskrifte waaruit die Bybel bestaan, en gee dus ‘n eenheidskarakter daaraan. Wanneer die byvoeglike naamwoord “*Heilig*” soos in “*Heilige Skrif*” daarby gevoeg word, kom die deur die Gees-geïnspireerde oorsprong hiervan - waarvoor ontsag betoon behoort te word - sterk na vore. Die woord *Openbaring* verwys na God se oordra aan die mens van die ontvouing van sy goddelike plan. Die begrip *Woord* lê die klem op die goddelike oorsprong van die woorde wat in die Skrif uitgespreek word, met hulle skeppende en herskeppende karakter. Die woord *Kanon* omskryf die eenheidskarakter van die Skrif nog verder, deur die historiese element van die ontstaan van die Bybel binne ‘n verenigde Openbaringshandeling te plaas. Terselfdertyd dra die begrip Kanon die konnotasie van gesagvolle reël of maatstaaf vir die lewe van die mens. Dit word in Gal. 6:16 met so ‘n konnotasie gebruik. In die bepaalde sin van standard en gesagvolle biblioteek van heilige skrifte verskyn dit eers in die vierde eeu in die skrywe van die Kerkvaders Atanasius (367) en Amphilochius (395), en selfs vroeër by die konsilie van Laodisea (363). Soos die titel van hierdie opstel dit aandui, word hier aan die begrip *Kanon* besondere aandag verleen.

metode[4] nie, maar is slegs te wyte aan ‘n besondere handeling van God, nl. die Verligting van die Heilige Gees[5]. ‘n Ongelowige standpunt wat die Bybel betref, sal natuurlik bg. goddelike handeling nie as ‘n feit aanvaar nie, sonder egter om met enige oortuigende alternatiewe antwoord vorendag te kan kom aangaande die totstandkoming van ‘n gelowige standpunt hieroor. Die samehang en interafhanklikheid tussen dit wat geglo word m.b.t. die oorsprong van die Skrif as Kanon aan die een kant en die totstandkoming van bg. geloofstandpunt aan die ander kant, lê in die kern van dit wat hier bespreek word: anders gestel, dit wat jy glo oor hoe die Kanon ontstaan het, en die ontstaan van jou eie geloof, is onskeibaar van mekaar.

In dit wat volg sal die voorgestelde omskrywing van ‘n “hermeneutiek van die Kanon” deur art. 2 tot 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis - dus binne ‘n konfessioneel Gereformeerde kader - belig word, omdat die NGB dwaarsdeur ‘n duidelike uitdrukking gee van bg. geloofsvertrekpunt[6]. By

[4] Met “induktiewe metode” word daar bedoel dat om sin te maak uit die verskeidenheid los elemente waarmee ‘n mens in aanraking kom in sy soektog, ontwerp hy ‘n metode om stelselmatig ‘n eenheid van doel, organisasie, of betekenis te vind.

[5] Hierdie handeling van die Heilige Gees word pertinent in die Skrif self genoem: vgl. Joh. 14:15-17; 25; 1 Kor. 2:12-14; 2 Kor. 3: 14-18; 4:5-6. Ef. 1:17-21.

[6] Vgl. Art 5: “*Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is.”* Art. 22: *“Ons glo dat die Heilige Gees ‘n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis* [die versoening deur Christus] *te verkry*. Art 24: “*Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees (...)”*. Die NGB is in lyn met Calvyn se Institusie; vgl die bekende hoofstuk I, vii. van die *Institusie van die Christelike Godsdiens,* wat die volgende titel het [vertaling deur H.W. Simpson, Potchefstroom, CBJF 1984]: “*Die getuienis waardeur die Skrif bekragtig moet word sodat die gesag daarvan seker kan wees, naamlik deur die getuienis van die Heilige Gees; voorts is dit ‘n goddelose versinsel dat die geloofwaardigheid van die Skrif van die oordeel van die kerk afhang.”* Talle uitsprake uit Calvyn se kommentare oor die Bybelse boeke spreek in dieselfde rigting. Vgl. sy kommentaar oor Joh. 14:17 [my eie vertaling uit die Frans, E.K.], waar ‘n onbreekbare band tussen die Skrif en die Gees na vore kom (die Gees onderrig die mens oor die Skrif; die Skrif getuig van die Gees): “*Christus ken aan die Heilige Gees ‘n ander eretitel toe: Hy is Meester of Dokter van die waarheid; hierop volg dat alle mense se verstand in die greep van die leuen en die nietigheid homself bevind, totdat hulle in hul binneste deur hom* [die Gees] *onderrig word (...) Christus maan sy dissipels aan om hoegenaamd nie die genade van die Heilige Gees weg te stoot deur vol van ‘n vleeslike gesindheid te wees, soos hierdie wêreld gewoond is om te doen nie. Vir vleeslike mense is alles wat die Heilige Skrif oor die Heilige Gees sê, onsin, omdat, terwyl*

voorbeeld, die volgende stelling van art. 2 NGB omskryf die oorsprong en die doel van die Skrif soos volg: *"Ten tweede maak Hy* [God] *Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend, en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort*". Hiervolgens word die algemene doel van die Skrif (nl. dat *God hom nog duideliker en meer volkome aan ons bekend maak, as deur sy Skeppingswerk*) deur die tweede sinsnede verder omskryf (*en wel soveel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is…*) sodat lg. kwalifiserend dien ook wanneer dit op die uitleg van besondere gedeeltes kom. Art. 7 bevestig dit: "*Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word (…)"*

4. Die Skrif as Kanon is anders as ander geskrifte

Hoe vanselfsprekend ookal hierdie stelling vir Gereformeerde ore mag klink, is dit tog noodsaaklik om die besondere aard van die Skrif as Kanon te kan onderskei van ander menslike geskrifte, voordat iets verder oor 'n "hermeneutiek van die Kanon" gesê kan word.

Dit word algemeen aanvaar dat wanneer van die Christelike Bybel gepraat word, 'n mens na 'n spesifieke samestelling van bepaalde skrywe verwys

---

hulle op hulle eie rede berus, hulle die hemelse verligting verag en verwerp. Alhoewel hierdie arrogansie orals te vinde is (iets wat as sodanig die lig van die Heilige Gees uitblus), nogtans, wat ons betref, laat ons weet dat, terwyl ons ons eie armoede ken, alles wat gesonde verstand is uit geen ander fontein kom nie. Die woorde van die Here Jesus wys dus duidelik dat niks oor die Heilige Gees bloot deur die menslike verstand geken kan word nie, maar word slegs deur die ervaring van die geloof geken. 'Die wêreld, sê hy, kan nie die Heilige Gees ontvang want hy ken hom nie; maar julle ken hom goed, omdat hy by julle bly.' Dus, slegs die Gees wat in ons woon, gee homself aan ons om geken te word; anders bly hy onbekend en onverstaanbaar." Hiervolgens blyk die vraagstuk van die hermeneutiek van die Kanon 'n pneumatologiese saak by uitstek te wees [pneumatologies = wat betrekking het tot die leer oor die Heilige Gees], in dié opsig dat dit onderhewig is aan die wisselwerking tussen die Gees en die Woord.

(met sekere variasies wat betref die kanoniese aanvaarding al dan nie van die sg. Deutero-kanonieke boeke in die Ou Testament[7]). Hierdie *biblioteek* is dus algemeen bekend as die boek wat wêreldwyd die rol en funksie van Heilige Skrif vir Christene vervul (soos die Quran 'n gelyke status geniet en rol speel by die Moslems, 'n feit wat niemand sou bevraagteken nie). Art. 4 NGB gee uitdrukking hieraan soos volg: *Ons vat die Heilige Skrif in twee dele saam: die Ou en die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waarteen niks ingebring kan word nie. Hulle getal in die kerk van God is soos volg (...)*[8] Daar bestaan dus - met enkele uitsonderings rondom die status van die Deutero-kanoniese boeke - 'n konsensus rondom die feit dat hierdie biblioteek (m.a.w. die boeke wat daarin te vinde is) die Heilige Skrif van Christene is. Dit is egter 'n ander saak om aan die begrip Kanon die konnotasie van *reël,* of *maatstaaf* vir die geloof en die lewe van 'n mens te heg en daaronder te wil buig, soos Art. 2-7 NGB dit doen. Daarmee bely die NGB dat die Heilige Skrif Openbaring van God aan die mens is, en dat die samehang daarvan vir die leser uitsluitlik deur die Verligting van die Heilige

[7] Soos die boeke Tobias, Judit, I-IV Makkabeërs, Barug ens. Hulle is wel in die ou Griekse vertaling van die Ou Testament - die Septuagint - opgeneem, en van daar af in die sg. Vulgaat, die Latynse vertaling van Eusebius Hieronomous (ong. 347 – 419), wat tydens die Middeleeue as amptelike vertaling van die Kerk gedien het, en vandag steeds as die klassieke Latynse vertaling deur die Rooms Katolieke Kerk aanvaar word.

[8] Die NGB, en ook alle ander belydeniskrifte uit die Reformasie, laat nie plek vir 'n ope Kanon, d.w.s. vir ander of nuwe geïnspireerde en gesagvolle geskrifte wat aan die Skrif bygevoeg moet word nie (soos bv. die Gnostiese evangelies). Vir Art. 4 NGB is die Kanon afgesluit. God se besondere Openbaring is nie meer in wording nie, maar het sy volkomenheid bereik. Vgl par. 8 hieronder. Vir sommige impliseer hierdie stelling dat 'n mens 'n beperking op God sou afdwing, terwyl Hy tog onbeperk is. Watookal die motief agter so 'n siening mag wees (bv. die soektog na een of ander vorm van mistisisme, waardeur die mens eenheid in wese met God sou kon bereik deur nuwe vorms van besondere openbarings te beleef) moet 'n mens beklemtoon dat God ook met perke werk, nl. die perke wat Hyself in sy Skepping ingebring het. Benewens werk Hy met die drastiese beperkings wat die Sondeval meegebring het in die mens se vermoë om geestelike dinge te verstaan. Die werking van die Heilige Gees deur die herskeppende Woord ken egter geen perke nie.

Gees moontlik gemaak word, sodat die eenheid van die Openbaring al hoe duideliker word vir die gelowige leser-hoorder van die Woord[9].

Terwyl dit gesê word, kan egter selfs ‘n ongelowige leser van die Bybel nie die feit vermy dat die Bybel as een boek (of een biblioteek van boeke) deur die eeue oorgedra is nie, en as sodanig ‘n bepaalde kanoniese rol speel binne die Christendom (trouens met baie aksentverskille volgens die verskillende Christelike gemeenskappe). Die Kanon van die Skrif is nóg ‘n postulaat nóg ‘n hipotese wat bewys moet word nie. Die minste wat ‘n mens hieroor kan sê, is dat die Kanon ‘n historiese gegewe is. Daar ontstaan dus ‘n onvermydelike vraag: hoe kan daar rekenskap gegee word vir die feit dat so baie geskrifte as ‘n eenheid aanvaar is en vir soveel eeue as Heilige Skrif deur ‘n bepaalde godsdienstige gemeenskap bely word, terwyl hulle oor ‘n tydperk van min of meer duisend vier honderd jaar ontstaan het, sonder dat ‘n enkele een van die talle menslike skrywers wat hulle aandeel daaraan gehad het, geweet het wat die afsluitingsproses van hierdie Kanon sou wees nie? Dit is inderdaad onvermydelik om gekonfronteer te word met die kwessie van die Kanon as ‘n eenheid, hetsy ‘n mens voor die Openbaringsinhoud hiervan wil buig (bg. geloofstandpunt), of dan die Bybel bloot as ‘n eienaardige religieuse verskynsel wil beskou. Is daar ‘n verenigende faktor in hierdie Skrif, en indien wel, wat of wie is dit? Indien daar ontken word dat ‘n verenigende faktor werklik bestaan, hoe kan ‘n mens dan rekenskap gee oor die ontstaan van hierdie Kanon (waarvan die

[9] Vgl. 1 Kor. 2, in besonder v.13-14: “*Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk. Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie beoordeel nie, omdat dit geestelik beoordeel word.*”

bestaan, rol en funskie binne die Christendom weereens nie ontken kan word nie)?

5. Die Heilige Gees as Eerste Outeur (*Auctor Primarius*) van die Kanon.

Vir die NGB is die verenigende faktor wat saamehangende eenheid aan die Kanon gee, 'n goddelike persoon, nl. die Heilige Gees van God. Art. 3 stel dit so: "*Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek soos die heilige Petrus sê (2 Pet. 1:21).* Daarmee gee die NGB te kenne dat *in die Skrif self* (deur die aanhaling van 2 Pet. 1:21) die sleutel van hierdie eenheid gegee word. M.a.w. die NGB maak die stelling dat die sleutel tot die ontstaan en eenheid van die Kanon geensins buite die Skrif self gevind kan word nie (bv. deur die Kerk[10], deur 'n verdere openbaring aan iemand, deur een of ander wetenskaplike metode wat sou bewys dat Hy die outeur hiervan is): die Heilige Gees self het die proses van redaksie van die Kanon bestuur en tot 'n punt van afronding gebring; benewens openbaar Hyself hierdie feit in die Kanon. Die NGB bely dus dat die primêre outeur (*Auctor Primarius*) van die Skrif as Kanon die sleutel gee oor die oorsprong van die Kanon en wie die outeur daarvan is. Hierdie gee van bg. sleutel is vanselfsprekend deel van die Verligting van die Heilige Gees wat die NGB in Art. 5, 22 en 24 bely. Die NGB stel ook implisiet dat so 'n aanhaling (2 Pet. 1:21) nie net tot die Ou Testament betrekking het nie ten spyte van die feit dat toe 2 Petrus geskryf is, die Nuwe Testament as Kanon nog nie afgerond was nie. Die feit dat hierdie aanhaling in die Kanon van die Skrif gevind word, is vir die NGB genoeg om dit van toepassing aan die hele Skrif te maak. Die gevolgtrekking wat 'n

[10] Vgl. met die aanhalings in voetnota 6, in besonder art. 5 NGB.

mens gedwing is om te maak t.o.v. die NGB se belydenis oor die Bybel as Kanon, is dus dat lg. selfverklarend is wat sy outeur betref. Dat hierdie gevolgtrekking vir die NGB nie net op die eerste outeur van die Skrif, maar ook op die inhoud daarvan van toepassing is, blyk duidelik uit Art. 5: *Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is.*

6. 'n Hermeneutiek van die Kanon vanuit 'n geloofstandpunt is 'n hermeneutiek wat erkenning gee aan die transendente [goddelike verhewe] karakter van die Kanon.

Die primêre outeurskap van die Heilige Gees dwing 'n mens om 'n hermeneutiek van transendensie vir die Kanon te ontwikkel, wat noodwendig *op bepaalde vlakke* sal verskil van die hermeneutiese reëls wat aan ander tekste toegepas word. Bv. die uitleg van gedeeltes met 'n profetiese karakter roep 'n mens om vas te stel wat die goddelike vervulling daarvan was/is, iets wat nie by ander literatuur ter sprake kom nie. Die kategorie profesie/vervulling vorm dus 'n integrale deel van so 'n hermeneutiek en moet op 'n spesifieke wyse gehanteer word[11]. Dieselfde geld met die gedeeltes waar God direk aan die woord is en iets aan iemand beveel of 'n verbond met iemand sluit: God se "imperatief" binne die Kanon (bv die Tien Gebooie) is 'n kategorie wat ook pleit vir die toepassing van so

[11] Daar kan bv. nie hermeneuties gewerk word met die aanname dat die profetiese gedeeltes slegs 'n etiese oproep maak aan die lesers-hoorders om na gehoorsaamheid aan die Wet in die Pentateuch teruggebring te word nie. Terwyl hierdie aspek beslis teenwoordig is - en duidelik getuig van die imperatief van God in sy Openbaring - kom ook, in verskeie graderings en tonaliteite, 'n profeties-eskatologiese perspektief wat God se beheer en regering oor die geskiedenis van alle volke verkondig. Etiese vraagstukke in die profetiese geskrifte kan dus nie suiwer horisontalisties uitgelê word nie, maar moet met die oorkoepeling van God se ewige beheer oor die menslike geskiedenis reken, wat deur sy teenwoordige of toekomstige oordeel gekenmerk word.

‘n hermeneutiek. Albei kategorieë regverdig dat daar gepraat word van Openbaring, aangesien hulle direk getuig van ‘n Goddelike kommunikatiewe handeling gerig na mense. Dit is egter nie net bg. kategorieë wat so ‘n hermeneutiek van transendensie noodsaak en regverdig, maar die Kanon in sy geheel, aangesien hy by uitstek die eenheid van die Openbaringsinhoud as God se kommunikatiewe handeling na mense gerig, uitdruk.

‘n Hermeneutiek van transendensie wat alleen aan die Kanon reg kan laat geskied, regverdig ook dat daar nie net van “mense” gepraat word aan wie God homself geopenbaar het nie (mense op ‘n bepaalde tydstip en in bepaalde omstandighede aan wie sekere uitsprake eerstens gerig is) maar van die “mens”, d.w.s. elke mens dwarsdeur die geskiedenis van die mensdom. M.a.w. ‘n hermeneutiek van transendensie bepaal nie net die goddelike aard van die uitsprake wat in die Kanon te vinde is nie, maar ook die universaliteit van die menslike teiken aan wie die Openbaring geadresseer is.

Insover gelowiges die benaming “Woord van God” gebruik (en nie “Woord van mense”) wanneer oor die Skrif as Kanon gepraat word, kan en mag hierdie hermeneutiek van transendensie [wat die goddelik verhewe karakter van die *Auctor primarius* in ag neem] nie geïgnoreer word nie.

7. Die Kanon en die eenheid van die Openbaringsinhoud.

Die gelowige standpunt wat bely dat die Skrif as Kanon een outeur het bo al die menslike outeure wat aan die redaksie van die Bybel oor die eeue deelgeneem het, bring ons na die gepaardgaande belydenis dat daar ‘n eenheid van Openbaringsinhoud daarin bestaan. Verskille wat redaksionele

tydperke, style, genres, kultuur-historiese kontekste ens. binne die Bybel betref, doen geen afbreuk aan hierdie eenheid nie. Juis omdat wat die Skrif betref ons met die Kanon van God se Openbaring te doen het, en nie met los geskrifte nie, moet daar met die vooronderstelling van die eenheidskarakter hiervan as vertrekpunt begin word om lig te werp op die verskeie gedeeltes. Dit is nie te sê dat die besondere karakter, historiese plasing, gesigshoek of doel van elke gedeelte binne die geheel ontken of eenvormig gehanteer moet word nie; daar moet egter by die hantering van afsonderlike gedeeltes altyd met die geheel van die Kanon gereken word. 'n Mens moet tog van nader omskryf wat van hierdie eenheid kenmerkend is. Anders kan daar altyd beweer word dat so 'n eenheid suiwer op menslike wyse beskryf kan word[12]. Wat is die boodskap wat sentraal staan in die Skrif en wat aan hom sy eenheid verleen? Hoe moet dit gesoek word tussen al die gedeeltes waaruit die Skrif saamgestel is? Gee die Skrif self enige aanduiding hieroor, of moet dit vanaf buite die Skrif bepaal word[13]? Die historiese verloop wat in die Kanon na vore kom gee self 'n antwoord op hierdie vraag en plaas elke leser van die Bybel (hetsy gelowige al dan nie) voor 'n historiese lyn wat op een of ander manier verdiskonteer moet word, sodat gebeure en gedagtes wat daarin te vinde is, samehangend in verband met mekaar gebring word.

Hierdie historiese verloop moet egter nie verstaan word as die opeenvolging van gebeure wat met presiese chronologiese orde bekend is volgens moderne historiografiese navorsingsmetodes nie. Terwyl in die Skrif daar dikwels

[12] bv. met behulp van sosiologiese ontledingsmetodes, of 'n fenomenologie van religieuse ontwikkeling ens.

[13] Meer algemeen nog moet 'n mens vir jouself afvra: kan 'n bepalende hermeneutiese sleutel of vertrekpunt oor die Skrif *buite die Skrif self* geneem word? Die antwoord hierop is reeds verskaf in par. 5 hierbo.

chronologiese gegewens verskaf word[14], kan ons vandag nie met akkuraatheid baie gebeure binne die raamwerk van die wêreld geskiedenis plaas nie (alhoewel baie duidelike raakpunte mettertyd gevind is, veral met nuwe argeologiese ontdekkings). Die historiese karakter van dit wat die Skrif rapporteer bring ons egter terug na die hermeneutiek van transendensie waarvoor in par. 6 gepleit is. Dit wat in die Kanon hoofsaaklik tel is die voltooing van 'n goddelike plan, die vervulling van profesië wat as openbaring van God vir die mens dien[15]. Op daardie grond het die Reformasie gestel dat die Skrif sy eie interpreteerder is (*Sacra Scriptura sui ipsius interpres*).

8. Die fokus van die Kanon: die vleesgeworde Woord Jesus Christus die ewige Seun van God.

Hierdie historiese lyn wat oor sowat viertien eeue in die geskrifte van die Kanon ontwikkel (maar wat verwys na die hele spektrum van die menslike geskiedenis, vanaf die Skepping tot die einde van die tye) eindig na die koms van Jesus Christus. Nadat die skrywers van die Nuwe Testament van Jesus-Christus getuig het, is daar nie meer plek vir nuwe geskrifte in die Kanon nie (iets wat vir die vroeë Kerk gou duidelik geword het, al was daar tussen plaaslike kerkgemeenskappe tot die 4de eeu nog verskille oor die presiese inhoud van die geïnspireerde en gesagvolle geskrifte wat van Christus getuig het). Die volgende Openbaringsmoment wat in die Nuwe Testament aangekondig word - en steeds in die vooruitsig is - is die terugkeer van Jesus-Christus in sy heerlikheid *om die lewendes en die dooies te oordeel* (soos bely word in die 12 Artikels, Nicéa en Atanasius); *Aan sy*

[14] Kyk bv. na 2 Konings 25:8, Lukas 2:2.
[15] Vgl 2 Kron. 36:15-21, Gal. 4:4

koningskap sal daar geen einde wees nie (Nicéa)[16]. Beide met die koms van die Seun in 'n menslike vlees en sy terugkeer in heerlikheid, het ons te doen met die kategorie *profesie-vervulling* wat in par. 6 ter sprake gekom het. As verwagte Messias-Koning is dus Jesus-Christus die eintlike objek en die kern van hierdie Openbaring. As die Alpha en die Omega (Op. 22:13), as die Woord wat in die begin was en vanaf die ewigheid bestaan (Joh. 1:1-3) is Jesus Christus beide die fundering en die voltooing van God se Openbaring. Dus kan en moet die Openbaring slegs christologies (in Christus) verstaan word: die doel van God se Openbaring aan die mens in die Skrif is om homself te openbaar in sy ewige Seun, wat op 'n tydstip - deur die Vader bepaald - mens geword het. Met die getuienis oor sy koms word die Kanon afgesluit, want - volgens die getuienis wat ons in die Kanon self vind - in hom het God homself aan die mense volledig openbaar[17]. Dit is ook hoe hy homself beide aan sy dissipels en aan die Fariseërs of die Sanhedrin wat hom veroordeel, openbaar[18]. Met ander woorde, sy koms op aarde soos hy dit self uitlê, openbaar op beslissende wyse die rigting van die historiese verloop wat die Skrif as Kanon na vore bring. In hierdie opsig is geen uitspraak van Jesus-Christus duideliker as sy woorde in Mat. 5:17-18: "*Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie"* (1953 vertaling). Hierdie uitspraak beklemtoon die permanente kanoniese karakter

[16] Hierdie volgende Openbaringsmoment, bekend as die *Parousia* (Christus se terugkeer met heerlikheid), kan ook nie deur mense chronologies bepaal word nie, al word dit in die Skrif as 'n komende historiese gebeure voorgehou. Soos dit die geval was met die koms van die Messias in 'n menslike vlees, word dit profeties-eskatologies aangekondig (vgl. Markus 13). Wat Nicéa se stelling betref, vgl Lukas 1:33, wat self verwys na 2 Sam. 7:16, Jes. 9:6 ens.

[17] Vgl Heb. 1:1

[18] Vgl Mark. 14:61-62; Luk. 24:25-27, Joh. 5:46, 19:30 ens.

van die Ou Testament as Heilige Skrif, die sentraliteit van die persoon en werk van Christus om die volle betekenis van die Skrif te laat kry (vgl v. 17 in die 1983 vertaling) asook die eskatologiese karakter van die vervullende saamtrek van die hele Kanon in sy persoon (v. 18). Ons het dus geensins te doen met 'n ewolusionêre proses van menslike interpretasies wat op mekaar bou en wat die mense terugkykend aanvaarbaar vind in terme van hulle religieuse denke, logika of verwagtings nie. Hierdie finale betekenis wat aan die menslike geskiedenis deur God in Christus geopenbaar is, word aan sy dissipels tydens Pinkster - by die uitstorting van die Heilige Gees - duidelik gemaak: by Pinkster maak die Heilige Gees die eenheid van die Openbaring in Jesus-Christus (dus die aard van die Kanon) duidelik aan die dissipels. Die Verligting van die Gees vind hier op 'n beslissende manier plaas met die uitdeel van die tonge van vuur: hulle verwys na die verterende karakter van vurige woorde wat lig bring en betrekking het tot die Persoon van Jesus-Christus wie se historiese koms die hele Kanon saambind (soos Petrus se toespraak onmidellik daarna duidelik maak[19].) Die ontwikkeling van die Kanon van die Skrif tot sy punt van afsluiting – m.a.w. sy voltooing – *en* Christus wat volmaakte betekenis daaraan gee, is onskeibaar van mekaar.

9. **Een Kanon in twee aflewerings**

Bestaan daar een of twee Kanons? Moet die Kanon van die Ou Testament as 'n voltooide en afgeronde een beskou word, wat deur 'n nuwe een - dié van die Nuwe Testament - gevolg word, terwyl laasgenoemde bogenoemde bloot herinterpreteer om sy bestaansreg te regverdig? Die hele begrip

[19] Vgl. ook Paulus s'n by Antiogië in Pisidië, Hand. 13. In Rom. 5 (kyk n besonder v. 5) en 1 Kor 15 (kyk in besonder v. 22 en 45) maak Paulus die band tussen die eerste Adam en die tweede Adam (Christus) duidelik, gebaseer op die Verbondsbreuk en die Verbondsgehoorsaamheid waarvoor hulle onderskeidelik verantwoordelik is.

Kanon, en die uitleg van bepaalde gedeeltes met die volle erkenning van ‘n eenheid van Openbaringsinhoud, hang af van die antwoord wat aan hierdie vraagstuk gegee word. Die NGB Art. 4 stel dit so: “*Ons vat die Heilige Skrif in twee dele saam: die Ou en die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waarteen niks ingebring kan word nie.”* Implisiet in hierdie stelling (en in die gebruik van die enkelvoud “*die Heilige Skrif*”) is dat daar nie van twee Kanons gepraat kan word nie, maar van een Kanon in twee aflewerings wat chronologies op mekaar gevolg het. Die ontstaan van elkeen van hierdie twee aflewerings kan dus chronologies van mekaar onderskei en bestudeer word, maar nie van mekaar geskei word nie: die saambindende faktor, Christus (“Messias”) is in albei teenwoordig, alhoewel nie op dieselfde manier nie[20]. Die groeiende Messiaanse verwagting wat die Ou Testament kenmerk, veral in die profetiese geskrifte (in besonder Jesaja, Esegiël en Sagaria met hulle eskatologiese aanslag) het hom as Kanon vir die Jode saamgebind. Talle messiaanse bewegings rondom die tyd van Jesus se koms op aarde kan hierna toe herlei word, asook die ontstaan van talle apokaliptiese geskrifte in die tussen testamentiese tydperk. Die apostoliese getuienis oor Christus as saambindende faktor tussen die Ou en Nuwe Testament, is oorweldigend[21]. Die verskyning van Moses en Elia tydens die verheerliking van Jesus op die berg[22] is maar een van die duidelikste tekens daarvan. Toe Filippus vir die ontmande Etiopiër ‘n hermeneutiese vraag by

[20] Vgl Art. 17 en 18 NGB: (…) *God het die mens toe getroos met die belofte om aan hom sy Seun te gee en hom salig te maak – sy Seun, wat uit ‘n vrou (Gal. 4:4) gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel (Gen. 3:15).” “Ons bely dat God die belofte aan die vaders deur die mond van die heilige profete inderdaad vervul het deur sy enigebore en ewige seun in die wêreld te stuur op die tyd deur Hom bepaal”.*

[21] Vgl 1 Kor. 10:1-5; 15:3; die hele brief aan die Hebreërs (bv. 4:2 en 6 duidelik stel dat dieselfde Evangelie in die Ou en Nuwe Testament verkondig word); Paulus se brief aan die Galasiërs (kyk in besonder 3:16-18 en die verduideliking oor die Verbond van Genade wat aan Abraham se afstammeling, d.w.s Christus, belowe is).

[22] Vgl Mat. 17:1-13; Mark 9:2-13; Luk 9: 28-36

uitstek vra: "*Verstaan u wat u lees?*" terwyl hy uit die Ou Testament lees (Jes. 53:7-8) en die man antwoord hom: "*Hoe sou ek kon as niemand dit vir my uitlê nie?*" is Filippus se antwoord op die Etiopiër se volgende vraag (*van wie word daar in die betrokke gedeelte gepraat, van die profeet of van iemand anders?*) die verkondiging van die Evangelie van Jesus-Christus. Filippus lê die Skrif uit deur die vervulling van Ou Testamentiese profesië in Jesus-Christus aan die Etiopiër te verkondig, op grond van welke verkondiging dié man tot bekering kom en gedoop word.

Indien van twee afsonderlike kanons gepraat word, moet daar ook van twee afsonderlike lyne van Openbaring gepraat word wat nie noodwendig samehangend met mekaar pas nie. Die historiese lyn wat na die vleeswording en die verlossingswerk van Christus lei, kan dan nie as duidelik beskou word nie, maar bly slegs 'n *interpretasie* van die Nuwe Testamentiese outeure. 'n Ander lyn kon net sowel ontwikkel het. Vandag, sal daar beweer word, aanvaar ons hierdie lyn slegs omdat op een of ander manier hierdie lyn en nie 'n ander een ontstaan het. Ons moet dus probeer om sin daarvan te maak, deur dit op rasioneel aanvaarbare wyse te konstrueer vir ons eie konteks en denkraamwerk. 'n Ander gemeenskap of geslag mense sal hierdie lyn volgens eie sosio-historiese behoeftes op 'n ander manier moet konstrueer. Hierdie trant van denke, wat in teologiese kringe al hoe meer algemeen na vore kom, is in stryd met die historiese Christelike geloof soos deur Nicéa-Konstantinopel gestel, en dwaarsdeur oor die wêreld bely: "(…) *Op die derde dag het Hy volgens die Skrifte opgestaan*"[23] en, wat die Heilige Gees betref: "*Hy het deur die profete gespreek".* Nicéa neem hier in ag Paulus se aanvanklike woorde in sy brief

[23] Vgl 1 Kor. 15:3 & 4.

aan die Romeine (1:2-3 ens.): "*Hierdie evangelie het Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrifte aangekondig, en dit handel oor sy Seun. As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore; op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag beklee is, Jesus Christus ons Here."* Wanneer die vaders van Nicéa bely: "*Ons glo aan een heilige, algemene en apostoliese kerk"* berus hulle hulleself op die waaragtigheid van hierdie apostoliese getuienis, waarop uitsluitlik die Kerk in eenheid opgerig kan word. Dit gaan nie vir hulle om te erken dat Paulus so 'n mening gehad het nie (en ons kan vandag maak wat ons wil hiervan), maar om die kanoniese gesag van sy woorde. Vir Nicéa en vir die NGB (onder andere) kry die eenheid van Openbaringsinhoud met Christus as kern hiervan sy gestalte in een Kanon in twee aflewerings, nie in twee kanons nie.

10. Die Woord is bedoel om gepredik te word

Om Jesus-Christus beide as kern en saambindende element van die Kanon te bely, is om 'n *persoon* in sy midde te plaas. Alles wat tot hier toe oor die Kanon gesê is, het ten doel gehad om na Jesus-Christus toe te verwys. Jesus-Christus is dus nie 'n teorie of 'n intellektuele konstruksie nie, ook nie 'n gekronstrueerde historiese figuur nie[24], maar 'n goddelike persoon wat deur die loop van die Openbaring al hoe duideliker verskyn. Hy is die Woord wat in die begin was, wat by God was, wat God was (Joh. 1:1). Hy is

[24] Vir sowat honderd en vyftig jare word daar gepoog van verskillende kante af om die sg. "historiese" Jesus te rekonstrueer aan die hand van allerhande metodes: hulle gesamentlike vertrekpunt, of vooronderstelling, is egter dat 'n mens nie voor die kanoniese getuienis oor Jesus-Christus mag buig nie. Ander historiese datas oor Jesus moet buite die evangelies gesoek word, of die betroubaarheid van die kanoniese getuienis oor hom moet gedeeltelik as minder of glad nie betroubaar beskou word. Merkwaardig genoeg, bied altyd so 'n *rekonstrueerde* Jesus 'n betroubare beeld van die *rekonstrueerders* self, met hulle eie ideologiese inslag en die tydsgees wat dit bepaal. Dit wat op 'n tydstip *polities korrek* is, word bloot op die gekonstrueerde Jesus, geprojekteer.

die Woord wat vlees geword het (Joh.1:14), die waaragtige lig wat elke mens verlig (Joh.1:9). Hy verklaar ook voor die Sanhedrin dat hy in heerlikheid sal terugkom[25]. Die boodskap waarmee hy in die vlees gekom het, het 'n naam: die Evangelie, en die doel van hierdie Evangelie is om aan alle mense verkondig te word t.w.v. hulle saligheid. Pinkster inisieer hierdie wêreldwye verkondiging[26], wat tog reeds in die Ou Testament in embrio fase gevind kan word[27]. Die feit dat die Woord gegee is om aan alle nasies verkondig te word, bepaal ook die hermeneutiek wat ons aan die Skrif gaan toepas, soos die voorbeeld van Filippus en die Etiopiër illustreer[28]. Ons het met 'n lewende boodskap te doen, wat die krag het om mense se denke en lewe radikaal te verander, deur die krag van die Heilige Gees wat hierdie boodskap as Kanon (volledige en gesagvolle maatstaf) tot stand gebring het. Die beste voorbeeld van so 'n radikale verandering in die Bybel is sekerlik Paulus se ontmoeting met die lewende en gesagvolle Woord op pad na Damaskus. Die Woord is nie 'n soort bo-wêreldse idee nie (soos die Griekse filosoof Plato sou gehad het) dus nie 'n objek vir intellektuele kontemplasie of spekulasie nie.

Dit lei ons om te bevraagteken of een of ander teorie oor *hoe* die Skrif deur die Heilige Gees geïnspireer is, gebou *mag* word - 'n teorie wat breedvoerig en sistematies ontwikkel behoort te word om die mens se rede oor hierdie vraagstuk te bevredig nie[29] -. Uit die aard van die goddelike oorsprong van

[25] Vgl. Mat. 26:64, wat Dan. 7:13 aanhaal.
[26] Vgl. Petrus se toespraak in Handelinge 2, veral v. 38-39.
[27] Vgl. Gen. 12:1-3; Jes. 40-66, in besonder 45:18-25.
[28] Vgl ook Rom. 10:14-15.
[29] bv. organiese teenoor meganiese inspirasie. Dit was ook vir iemand soos Calvyn nie nodig om sodanige *teorië* te probeer konstrueer nie. Vir hom was die self-getuienis wat die Skrif aan homself lewer, en die verstaan hiervan deur die Verligting van die Heilige Gees, genoeg om die kanoniese gesag van die Skrif te aanvaar en te verkondig, met behulp van grammaties-historiese wyse van eksegese.

die Skrif as Openbaring lê daar ‘n misterie rondom die wyse waarop die Heilige Gees al die Bybelse outeure geïnspireer het (en waarvan eintlik min aan ons bekend is). Dieselfde misterie moet met ontsag erken word m.b.t. die manier waarop die koers van die geskiedenis deur God bepaal is om sy Openbaring aan die mense oor te dra. Wat die Skrif egter sê, is die volgende: “*Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ‘n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk*” (2 Tim 3:16-17). Dat die vleesgeworde Woord wat in die begin was en waardeur alle dinge ontstaan het, verantwoording vra vir enige menslike woord (ook wat hermeneutiese diskoers betref), is ‘n onmisbare kanoniese gegewens. Daarom dat die lewende Woord - soos in Joh. 1 geopenbaar - die oorsprong is van alle menslike betekenis. Alles moet na hom toe terugkeer om beoordeel te word. Hy gee egter homself aan die mense oor in die verkondiging van die Evangelie.

11. My interpretasie teen jou interpretasie?

Die verskille van uitleg wat van een verklaarder na ‘n ander een na vore kan kom, laat ‘n mens soms wonder of enige geldige uitleg van die Skrif moontlik is. Moet ‘n mens om die rede van *interpretasies* praat, wat nie anders kan as om te verskil aangesien elke verklaarder in besondere persoonlike en sosio-historiese omstandighede verkeer, en bepaalde “brille” dra in sy of haar lees van die Bybel? Of moet daar eerder (natuurlik binne die kader van ‘n belydende Kerk) nagestreef word na stelselmatige groei in die diepte, lengte en breedte van die geheimenisse wat deur God geopenbaar

is en deur hom nie bedoel is om in ‘n newel gehul te bly nie? Geen mens kan dit ten volle peil nie, behalwe die Gees van God self[30]. Niemand het soveel insigte ontvang dat hy of sy die hele Openbaring in sy volle diepte en geheimenis kan deurgrond nie. Alle Christen gelowiges van alle tye en omstandighede word egter geroep om te groei in die wete dat hierdie Openbaring hulle in een volk, die liggaam van Christus, saambind. Binne hierdie raamwerk moet meningsverskille gesien word met inagneming van die swakheid van ons sondige menslike verstand, wat elke oomblik deur die Gees van Christus hernu en verlig moet word (beslis ‘n onderwerp van gebed). Ook met die volle bewustheid dat ons sondige menslike verstand by uitstek ‘n teiken is vir die groot verdraaier van die waarheid[31]. Verskille as sodanig kan nie verheerlik word asof hulle ‘n gesonde pluralisme help kweek wat nodig is om balans te kry nie (en dan, om aan almal gelyk te gee, moet daar altyd van die een pool na die ander een toe beweeg word in ‘n soort pendulum beweging, deur ‘n dialektiese metode wat ten doel het om teenstrydige standpunte te versoen tot ‘n punt van ekwilibrium).

In die Kerk van Jesus-Christus behoort eerder sieningsverskille plek te maak vir *aanvullende insigte* wat elke ledemaat van die een Liggaam help om in die Woord as Kanon saam te groei. *Aanvullende insigte* kan egter nie teenstrydigheid of twis meebring nie (soos dit bv. die geval was onder die Korintiërs: Paulus prys beslis nie die Korintiërs oor hulle verdeeldheid nie!) ‘n Verskeidendheid van geldige insigte bring eenheid eerder as verdeeldheid. Analogies kan ‘n mens so ‘n proses in lyn bring met die verskeidenheid style, persoonlikhede, invalshoeke ens. van die skrywers van

[30] Vgl 1 Kor. 2:10-11
[31] Talle waarskuwings teen hom – wat by uitstek verdeeldheid meebring, soos sy griekse naam “diabolos” aandui – kan in die Skrif gevind word.

die Nuwe Testament: hulle het almal van Christus getuig, elkeen egter op sy besondere manier, sodat daar eenheid van getuienis uitgekom het, en nie verdeeldheid nie. Hierdie verskeidenheid van aanvullende bydrae was dus instrumenteel vir die totstandkoming van die Nuwe Testament. Daar word soms van die *sensus plenior* (die voller betekenis) gepraat wat die hermeneutiek van die Skrif betref, aanvullend by die *sensus primus* (die primêre betekenis) wat deur eksegese na vore gebring word: die verstaan van God se Openbaring het deur die Kerkgeskiedenis gegroei, baie keer te midde van 'n hewige gestry. Bv. Luther se beklemtoning van die regverdiging deur die geloof alleen vorm deel van hierdie *sensus plenior*: vandag kan 'n mens nie sonder hierdie motief ernstig met die Skrif omgaan nie[32]. Deur die Kerkgeskiedenis - met sy woelige ontwikkeling – is daar betekenis gebring; duidelikheid oor verskeie onderwerpe is ontsluit.

Die geldigheid al dan nie van nuwe insigte moet egter gemeet word aan die hand van die genoegsame en voltooide karakter van die Kanon. Terwyl die Kanon self afgesluit is, is die implikasies van die lewende Woord wat hy dra, nooit voltooid in die lewe van opeenvolgende geslagte van mense nie. Soos in par. 6 hierbo uiteengesit, regverdig hierdie voortdurende proses van lewendmaking - meegebring deur die Woord - dat ons van 'n hermeneutiek van transendensie moet praat: dit het nie net betrekking tot die inhoud van die Woord nie, maar ook tot die teiken aan wie die Woord geadresseer is. Om Nicéa-Konstantinopel weer aan te haal: dieselfde Gees wat deur die profete gespreek het (dus deur die afgeslote Kanon) is ook Here en maak lewend (dus deur die loop van die geskiedenis). Die geskiedenis van die

[32] Die leer van Nicéa oor die volle goddelikheid van Jesus-Christus die Seun, kan ook as voorbeeld genoem word. Kan 'n mens wat hierdie leer sou ontken, nog 'n Christen genoem word?

Kerk getuig van sy lewendmakende krag, wat ook ‘n *sensus plenior* na vore bring, in volle ooreenstemming met die Kanon van die Openbaring. Die belofte van Jesus-Christus aan sy dissipels dat hy die Heilige Gees na hulle toe sal stuur om hulle alles te leer en hulle herinner aan alles wat hy vir die dissipels gesê het[33], vloei voort uit die Kanon en dui aan ‘n pneumatologiese[34] aktiwiteit van God tot die wederkoms. Al bly daar meningsverskille, soms baie ernstige verskille (soos die sondige verdeeldheid van die Kerk helaas wys) is dit nie ‘n rede om te lewe *etsi Spiritus non daretur,* “asof die Gees nie gegee is nie”, asof geloof deur twyfel vervang behoort te word (by uitstek ‘n post-moderne obsessie). Soos art. 28 & 29 van die NGB dit stel, bly dit egter noodsaaklik om die geeste, en die ware kerk van die sektes, te onderskei (beproef)[35]. Paulus se woorde aan Timoteus (2 Tim 3:16-17) praat van die nuttigheid van die hele Skrif “*tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing (...)*”; hiermee dui hy aan die feit dat die pad na die eenheid van die Kerk in die waarheid van Christus, nie deur enige vorm van menslik konsensuele ooreenkoms nie, bereik sal word; dit sal ook nie deur middel van kerkpolitiek, of d.m.v. mistiese ervarings wat gesamentlik uitgeleef gaan word, bereik word nie, maar - as dit nodig is - met die noodsaaklike weerlegging en teregwysing aan die hand van die *Hele Skrif*, d.w.s die Skrif in sy kanoniese verband[36]. Hy voeg ook later by (2 Tim 4:3-5) dat *“daar sal ‘n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ‘n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikheid (...) Hulle sal*

[33] Joh. 14:26; vgl ook Joh. 16:7-11
[34] Pneumatologies: wat betrekking het tot die Heilige Gees.
[35] Vgl 1 Joh. 4:1-6. Hier is die toets die volle erkenning dat Christus in die vlees gekom het – hy was nie ‘n spook of ‘n immateriële wese nie.
[36] Soos die Reformasie dit gestel het: nie net Sola Scriptura (alleen deur die Skrif) nie, maar ook Una Scriptura (een Skrif) en Tota Scriptura (die hele Skrif).

nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie". Die inagneming van die begrip Kanon in al sy fasette bly die sentrale sleutel om so 'n onderskeiding van die geestes te kan maak.

Aan die ander kant verwys die gebruik van die woord *interpretasie(s)* - wat die woord *uitleg* dikwels vervang - na 'n ander gedagte, meer na 'n intellektualistiese begrip: die aanname is dat elke mens met sy eie interpretasie voorendag kom, en dié moet getoets en oordeel word aan die hand van metodes wat op 'n tydstip deur 'n bepaalde akademiese gemeenskap as wetenskaplik en gesagvol beskou word. 'n Mens moet ook byvoeg dat sodanige metodes dikwels onderhewig is aan verbygaande akademiese modes[37]. Sommige metodes of benaderings word ook sterk beïnvloed deur teorieë of filosofieë wat hulle vertrekpunt uiteraard nie in die Openbaring van God het nie, maar byna kritiekloos in teologiese kringe as uitkykpunt gebruik word (soms wel met aanpassings, maar steeds met hulle oorspronklike sekulêre inslag.) Die woord *interpretasie* word trouens deurgegee om beskeidendeid te kweek by Skrifverklaarders of predikers, sodat hulle nie hul menslike *interpretasie* gelykstel aan die Goddelike Woord wat volmaak is, en wat nooit op dieselfde voet as die menslike weergawe hiervan gebring mag word nie. Hierdie oënskynlike beskeidenheid kom egter sterk in stryd met die byna kanoniese manier waarop slegs sekere benaderings en metodes as aanvaarbaar en wetenskaplik verklaar is (met gevolgtrekkings wat ook vooraf ideologies bepaal kan word).

[37] Dieselfde kan gesê word van vertalingsmetodes van die Bybel.

Benewens bring hierdie siening ons juis terug na die Platoniese filosofie van die skaduwees waarvan die aardse lewe gemaak is, en wat slegs ‘n vae weerspiëling is van die wêreld van onveranderlike idees (slegs die filosowe het toegang tot hierdie ideële wêreld, slegs húlle kan ander mense lei om toegang tot hierdie onveranderlike idees te kry)[38]: die Woord wat verkondig moet word in opdrag van die Seun van God, moet altyd deur die verkondiger as *sy eie interpretasie* beskou word; dit bly altyd ‘n vae skaduwee wat op die beste (as sekere voorgeskryfde metodes toegepas word) ‘n aanvaarbare weergawe van die hemelse Evangelie word. Uiteindelik bly egter die enigste beoordelaars hiervan die ontwerpers van bg. metodes. Met so ‘n vertrekpunt is dit onvermydelik dat ‘n mens al hoe meer bloot ‘n menslike boodskap sal bring (moralisties, sosiologies of eksemplaristies van aard) terwyl hy altyd gaan twyfel of hy in staat is om die Evangelie te verkondig. *Etsi Spiritus non daretur* “asof die Gees nie gegee is nie”...

Daar moet wel erken word dat niemand sonder aanamnes of vooronderstellings - m.a.w. in a vakuum - na die Skrif toe kom nie (soos in par. 2 hierbo gestel). Vanaf die ontstaan van die Christelike Kerk word daar egter sekere artikels bely, wat juis maak dat vandag se Kerk nie in ‘n vakuum haarself bevind nie, maar eerder in ‘n lewende lyn met al die vorige geslagte van Christene staan. Van die begin af bely die Kerk - d.w.s. erken en verkondig sy - dat daar ‘n Kanon (reel en maatstaaf) van die geloof is waarin geglo moet word t.w.v. ‘n mens se saligheid. As die Kerk dit nie doen nie, ontken sy haar bestaan. Die sg. simbool van Atanasius bied ‘n

[38] Kyk na voetnota 2, by die beskrywing van die allegoriese metode van Skrifuitleg.

goeie voorbeeld hiervan[39]. Die 12 artikels of Nicéa begin positief met "*Ek glo…*" en nie met 'n onsekerheid oor *interpretasies* en *meningsverskille* nie. Gelowiges kan nie anders as om hierdie positiewe inslag altyd eerste te plaas en dit as vertrekpunt te neem vir die aanpak van sekere vraagstukke wat vandag na vore kom. Rondom hierdie positiewe *"ek glo"* het die *sensus plenior* waarvan hierbo gepraat is, gegroei, sodat dit wat gesamentlik verstaan en bely is, meer en nie minder geword het nie. Die strewe na 'n *sensus plenior* is nie om na die kleinste gemene deler te streef en dit genoegsaam te ag om vir soveel meningsverskille moontlik plek te maak nie.

12. Is die Kanon die teks van die Skrif of die konteks waarin die teks ontstaan het?

Deesdae kom sieningsverskille binne die Kerk dikwels rondom dit wat as die sosio-historiese konteks van die ontstaan van elke teksgedeelte beskou word, en die rol wat dit in Skrifuitleg behoort te speel om elke Skrifgedeelte te kan peil. Omdat sodanige konteks altyd rekonstrueer moet word (in die afwesigheid of onvolledigheid van betroubare gegewens) speel aannames, vooronderstellings, *a priori* keuses wat deur die teenwoordige tydsgees maklik bepaal kan word, 'n leidende rol. Soos reeds gemeld[40], behoort 'n mens presies te weet wanneer elke gedeelte of boek van die Bybel geskryf is, om met akkuraatheid te kan bepaal wat die konteks van die ontstaan hiervan was[41]. Ons sit hier met 'n magdom probleme wat wel bespreek kan

[39] Vgl art. 1: "*Vir elkeen wat salig wil word, is dit in die eerste plek nodig dat hy die algemene geloof moet vashou."* Art 29: "*Maar vir die ewige saligheid is dit nodig dat hy ook getrou aan die menswording van ons Here Jesus-Christus moet glo."* Art. 44: "*Dit is die algemene geloof; en as iemand dit nie getrou en vas glo nie, sal hy nie salig kan word nie."*

[40] Vgl voetnota 6.

[41] 'n Gaping van tien of twintig jaar in die datering van 'n teks kan 'n reuse verskil maak in die evaluering van sodanige sosio-historiese konteks: intussen kan 'n oorlog, of 'n ekonomiese krisis deur bv. 'n droogte veroorsaak, of die koms van 'n nuwe koning of politieke mag in die buiteland, geskied het wat die prentjie

en moet word[42] maar in baie gevalle geen beslissende hermeneutiese sleutel kan bied nie: bespiegelinge, verskille van menings oor bv. wie presies die teiken van hierdie of daardie boek was[43] word in kommentare menigmaal gevind. Is die bepaalde boek op een slag geskryf - slegs deur een menslike outeur - of moet 'n mens met redaksionele ontwikkeling reken? Van watter eerste hoorders praat ons dan? Niemand kan bv. met 'n presiese datering van die boek Job vorendag kom nie. Dit is ook hoogs onwaarskynlik dat dit ooit gevind sal word. Terwyl die aksie van die boek na die tyd van die patriarge aandui, is dit hoegenaamd nie te sê dat die boek self tydens daardie tydperk geskryf is nie. In die lig hiervan, wie sou die eerste hoorders van die boek Job gewees het, en in watter sosio-historiese omstandighede het hulle geleef? Die feit dat 'n gesamentlike kultuur in die ou Midde en Nabye Ooste deur die eeue wel bestaan het, waarborg nie dat ons vandag elke beduidende variasie hiervan kan vasstel, met die oog op die situasie van 'n bepaalde gemeenskap nie. Geen hedendaagse navorser is in elk geval in staat om fisies terug te keer na 'n bepaalde Bybelse tydperk om, aan die hand van meningsopnames en ingewikkelde sosiologiese ontledingsmetodes, direk met die mense van daardie tyd onderhoud te voer om hulle te gaan vra hoe hulle 'n gegewe teks verstaan nie. Benewens, om te aanvaar dat almal in 'n bepaalde teikengroep 'n profetiese uitspraak presies op dieselfde manier (bv. gelowig of ongelowig, gehoorsaam of ongehoorsaam) sou verstaan en

---

heeltemaal anders laat lyk. Dink net aan die sosio-historiese situasie van die Afrikaners in Suid Afrika tussen 1986 en 2006: wie sal ontken dat hulle situasie die afgelope twintig jaar drasties verander het? Wat nog van 'n onsekerheid oor honderde jaar wat die datering van 'n Bybelse boek betref…

[42] Dit geskied binne die sfeer van die studies oor die Besondere Kanoniek, d.w.s. die studie van die ontstaan, oorlewering en kernmerke van elke Bybelse boek.

[43] Daar bestaan bv. meningsverskille oor die samestelling van die jong gemeente van Rome aan wie Paulus sy brief geskryf het: daar was wel Christen Jode en Christene wat uit die heidendom gekom het, maar in watter proporsie? Watter gedeelte van die brief is aan die een of die ander groep meer spesifiek geadresseer, indien so 'n onderskeid wel getref mag word? Het hoofstuk 16 wel betrekking tot die lidmate van die gemeente in Rome?

aanvaar het, is nie net onwetenskaplik nie, maar ook uiters naïef. 'n Mens word dus gedwing om 'n baie gekompliseerde hermeneutiek te gaan ontwikkel wat nie meer betrekking het tot die betekenis van die teks self nie, maar tot die konteks van die ontstaan van sodanige teks en die vermeende resepsie deur die eerste hoorders hiervan. Die fokus van die aandag het na die periferie van die teks geskuif, na 'n menslike opset wat as sodanig nie die Skrif is nie, hoe ingeweef ookal hierdie opset met die skryf van elke gedeelte van die Bybel was. Hier moet 'n mens oor die betekenis van die leuse van die Reformasie "*Sola Scriptura*" (deur die Skrif alleen), met erns gaan besin. Dié is uiters relevant vir ons hedendaagse hermeneutiese debat: dit het betrekking tot dìt wat ons op die ou einde as Kanon aanvaar. Indien ons aandag na die periferie van die teks skuif, sal ons stelselmatig nie meer met *teologie* te doen hê nie (wat God in die sentrum van ons diskoers plaas), maar met 'n *antropologie*[44] wat die mense as vertrekpunt neem, los van die Skrif. Die begrip Kanon, wanneer dit *ernstig* opgeneem word, laat ons by teologie begin en bly; verder stel dit ons ook in staat om nodige antropologiese waarnemings te maak met 'n kritiese kyk wat voortvloei uit wat die Skrif oor die mens te sê het (nie andersom nie). Die Skrif beoordeel immers talle kultuur-historiese kontekste, en doen dit meeste van die tyd op 'n baie skerp wyse[45].

Bepalend tot ons onderwerp is die feit dat die Skrif bowenal in die *religieuse* konteks van beide akteurs van die gebeure wat vertel word, en van die hoorders of lesers, belangstel. Hulle verhouding met God, met sy Wet, met

[44] 'n wetenskaplike diskoers oor die aard van die mens vanuit sy kulturele, sosiale, politieke, ekonomiese, estetiese, religieuse ens. gewoontes.
[45] Vgl die praktyk van veelwywery in Salomo se geval, egskeiding in die boek Maleagi, ekonomiese onderdrukking in die boek Amos, ens.

sy Seun Jesus-Christus, is die beslissende elemente wat vir die Bybelse skrywers tel: die gegewens oor die historiese, kulturele, ekonomiese, politiese en klimatiese konteks wat wel in die Skrif opgeteken is, dien 'n spesifieke doel wat religieus van aard is. Wat nie hierdie doel dien nie, is nie in die Bybel opgeteken nie, hoe interessant dit ook al vir ons vandag mag wees. Twee voorbeelde, een uit die Ou Testament, die ander een uit die Nuwe Testament is genoeg om dié punt te illustreer:

-In 1 Koning 16:23-28 word die koningskap van Omri oor Israel vertel. Daar word wel gemeld dat hy Samaria laat bou het, wat die hoofstad van die Noordelike koninkryk geword het, maar hy word veral gebrandmerk vir die feit dat hy dít wat sleg is in die oë van die Here gedoen het. Tog beskik ons oor ander destydse bronne oor koning Omri (die sg. Mesa steen wat deur die destydse koning van Moab opgerig is asook deur die kronieke van die Assiriese konings). Volgens die historiese rekord was Omri 'n magtige koning wat 'n stewige politieke regime tot stand gebring het, na 'n era van politiese en institusionele chaos. Hieroor sê die outeur(s) van 1 Konings egter nie 'n woord nie. Sy seun Agab het beslis nie dieselfde aansien in die buiteland geniet nie, terwyl daar baie meer oor hom in 1 Koning geskryf is[46], binne dieselfde religieuse verband van ongehoorsaamheid teenoor Yahweh, deur sy interaksie met die profeet Elia. Die Kanon volg 'n historiese lyn wat te doen het met die voltooing van God se plan. In Agab se geval word dit in hoofstuk 22:38 genoem: sy bloed - wat in die strydwa waar hy doodgebloei het, ingeloop het - word deur honde gelek in die poel waar die strydwa gewas is, en dit as vervulling van die profesie wat Elia oor hom uitgespreek het na die moord op Nabot (21:19). Ander feite oor Agab se lewe, wat as

[46] Vgl. 1 Konings 16:29-22:40.

periferaal beskou is, word net vlugtig in 22:39 gemeld, eintlik bloot as ‘n verwysing na ander geskrifte wat juis nie in die Kanon opgteken is nie.

-In die Nuwe Testament bied Johannes 20:30-31 ‘n beslissende toeligting oor hierdie aspek: *“Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.”*

Hierdie aksent of invalshoek wat in die Skrif self duidelik gestel is, behoort met erns opgeneem te word wanneer oor die konteks van die ontstaan van ‘n gedeelte gepraat word: as volledige deel van die Kanon van God se Openbaring is hierdie aksent - of invalshoek - bepalend vir die prioriteite wat ons in ons eksegese stel. Anders is ons seker om die Skrif te laat buikspreek, deur dit aan ‘n tipe ondervraging te onderwerp wat die vertrekpunt en fokus van die *Auctor Primarius* nie wil aanvaar nie. Wat oor Art. 2 NGB hierbo geskryf is[47], kan hier herhaal word: “*Ten tweede maak Hy* [God] *Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend, en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort*”. Hiervolgens word die algemene doel van die Skrif (nl. dat *God hom nog duideliker en meer volkome aan ons bekend maak, as deur sy Skeppingswerk*) deur die tweede sinsnede verder omskryf (*en wel soveel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is…*) sodat lg. kwalifiserend dien ook wanneer dit by die uitleg van besondere gedeeltes kom.”

[47] Vgl par. 3.

God se Openbaring in die Kanon het nie onder ‘n rasionalistiese vorm na ons toegekom nie; dit sal nie al die vrae wat ons op wetenskaplike vlak mag hê, beantwoord nie. Dit is belangrik om in te sien dat die manier waarop die Kanon saamgestel is, eintlik sodanige vrae relativeer en na ‘n ander pad wys as die desperate soektog na antwoorde op hulle. Binne die Christelike Kerk self bestaan die risiko om by nog ‘n moderne vorm van *gnosis*[48] te beland indien daar aanhoudend verkeerde vrae aan die Kanon gestel word, wat nooit hulle antwoorde sal kry nie. Groeiende ekstrapolasies sal onvermydelik lei tot die vorming van ‘n nuwe (ander) godsdiens direk in stryd met die Kanon van die Openbaring, omdat ‘n nuwe vorm van religieuse samehang wat reken met hierdie ekstrapolasies gesoek gaan word, met sy eie logika, vreemd aan die Skrif. As daar gepraat word van die aannames wat elkeen het terwyl hy of sy na die Skrif toe kom, moet ‘n mens beklemtoon dat elkeen se aannames oor die aard van die Skrif verraai word deur die tipe ondersoek waaraan hy die Skrif onderwerp en die metodes wat hy gebruik om die Kanon te peil.

13. ‘n Hermeneutiek van die Kanon word op Christus se twee nature gefundeer.

Dwaarsdeur hierdie studie is daar klem gelê op die Kanon as uitdrukking van die eenheid van God se Openbaring. In par. 2 is daar ‘n alternatief gestel, waarvan die geldigheid tog bevraagteken is: is die betekenis van ‘n teks sodanig dat almal dit presies eenvormig moet verstaan, ongeag die

[48] ‘n Hoër kennis wat slegs bedoel is vir die geïnisieerdes, soos dié waarna die Gnostici van die begin van die Christelike tydperk gestrewe het, terwyl hulle die gegewens van God se Openbaring as heeltemaal onvoldoende beskou het. Hulle wou tog elemente uit die Skrif afsonder en herinterpreteer binne hulle godsdienstige sienings, soos bv. die Logos (Christus) en die Pneuma (die Gees) wat - volgens sommige van hulle - as latere emanasies deur die tweede grootste goddelike wese (*eon*) tot stand gebring is. Die Kervader Iraeneus (2de eeu nC) beskryf in groot detail sommige Gnostici se denksisteem in sy boek “Adversus Haereses”.

bepaalde historiese of persoonlike situasie waarin hy homself bevind (om te reken met die feit dat die Skrif deur die ewige, bo-tydelike God geïnspireer is en as sodanig nie tydgebonde is nie)? Óf word daar gepraat van die betekenis van 'n teks soos elke leser dit vir homself/haarself sal toeeien in sy/haar besondere omstandighede (om te reken met die feit dat die Skrif in sy ontstaan tydgerig was, en ook gerig is aan bepaalde mense in bepaalde historiese situasies)? In hierdie geval moet daar 'n proses van rekonstruksie van betekenis plaasvind wat van leser tot leser gaan verskil, met die oog op elkeen se sosio-historiese situasie.

Hierdie alternatief skep 'n onnodige spanning tussen dit wat nie tydgerig en daarom nie tydgebonde is nie (dit is eenvormig en ontken die verskil van situasies), en dit wat tydgerig is en daarom ook tydgebonde (dit moet altyd verander na gelange van die opeenvolging van tye). Die aard van die Kanon is juis dat dit hierdie spanning oorkom. Die Heilige Gees as *Auctor Primarius* is nie gebonde aan tyd nie, terwyl vanaf die goddelike ewige perspektief tydelikheid onder die soewereine beheer van God val en volgens sy plan gerig word[49], sodat tydgerigtheid wel ter sprake kom: die tydgerigte karakter van die Openbaring i.t.v. sy historiese ontstaan mik egter na 'n hoeër doel as bloot tydgerigtheid, nl. die versameling in een liggaam van 'n

[49] Art. 13 van die NGB bely op die volgende manier dat God die geskiedenis van die mensdom deur sy Voorsienigheid regeer: "*Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie, maar dit volgens sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie (...)"* Dit impliseer dat God nie plaaslike en tydelike omstandighede *gebruik* om homself te openbaar nie (asof sodanige omstandighede sommer daar is, en deur een of ander buite-goddelike faktor totstand gebring is), maar dat Hy hulle *bepaal*. So 'n belydenispunt behoort vanselfsprekend Christene daartoe te bring om 'n Christelike siening van die menslike geskiedenis te ontwikkel, soos Augustinus in sy *Civitas Dei* wel op 'n besondere manier gedoen het. Dit is ongelukkig so dat 'n siening van die geskiedenis wat meestal berus op die geloof in die ewolusieteorie, baie sterk posgevat het by talle Christene, en die geloof in die Voorsienigheid met 'n ander een vervang het: die sg. *historisme*, wat die geloof in die vooruitgang van die mensdom verkondig.

volk wat nie net geografies versprei is nie, maar ook chronologies[50]. Soveel geslagte as vanaf ewigheid deur God bepaal, sal van hierdie liggaam deel word. Die apostoliese boodskap is gerig aan gemeentes, of aan 'n diaspora, met die oog op die terugkeer van Christus, d.w.s. tot die vervulling van die laaste profesie in die Skrif. Terwyl God alleen weet wanneer hierdie eskatologiese[51] punt gaan kom, moet die chronologies verspreide liggaam (waarvan ons vandag deel is) in 'n eenheid saamgebind word: "*Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het in julle roeping. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon*" (Ef. 4:4). Niks hier kan ons laat dink dat Paulus se stelling uitsluitlik op die gemeente in Efese betrekking het, en nie chronologies universeel van aard is nie. Die melding van *net één liggaam* gekoppel aan *net één Gees*, is veelseggend, omdat die saambindende hoop wat deur die Gees gekweek is, op dieselfde Gees-geïnspireede Openbaring berus, en nie op verskillende weergawes daarvan, een vir elke volgende tydperk nie. Die Skrif hoef nie by elke situasie aangepas word nie, maar wel toegepas.

Enige spanning tussen tydgerigtheid aan die een kant en nie-tydgebondenheid aan die ander kant sal slegs in die Vleeswording van die ewige Seun van God opgelos word, met inagneming van die onderskeid en onskeibaarheid van sy twee nature, die goddelike en die menslike. Die Seun het op 'n historiese tydstip (deur die Vader bepaal) onder die mense kom woon (Nicéa: "*Hy het ter wille van ons, mense, en ons saligheid uit die hemel neergedaal en het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria vlees*

[50] As die dood nie vanaf Adam algemeen geword het nie, kon al die geslagtes van mense saam geleef het.
[51] *Eskatologies:* wat betrekking het tot die laaste tye.

geword; Hy het mens geword (...)"). Jesus-Christus, God die Seun, sit vanaf die Hemelvaart vir ewig in beide goddelike en menslike nature aan die regterhand van die Vader. Sy verheerlikte menslike natuur - wat die waarborg is van gelowiges se opstanding in dieselfde heerlikheid - is nie bedoel om te verdwyn nie; dit dra egter 'n besliste betekenis wat betref ons gewaarwording van ons eie tydelik-menslike bestaan (ons 'vandag'): in sy sondelose natuur het Jesus-Christus ons tydelike natuur - wat as sodanig ook in die sonde geval het, met die gepaardgaande korrupsie - kom verlos en weer volle betekenis in die één hoop kom gee[52]; elke gelowige se tydelike situasie het sy plek in die gekruisigde en verheerlikte liggaam van Christus waarvan hy deel is. Die eenheid van Christus se verheerlikte liggaam impliseer egter dat elke historiese situasie wat voortkom op aarde in die lewe van verskillende geslagte gelowiges, nie afbreuk aan hierdie eenheid kan doen nie, asof die liggaam van Christus aan die regte hand van God daardeur afgebreek en gefragmenteer sou kon word. Die nuwe Adam het mos een verlore mensdom kom red.

Omdat Christus die kern en die saambindende faktor van die Kanon is, behoort 'n hermeneutiek van die Kanon om Christus se twee nature in ag te neem rondom hierdie vraagstuk: in hom kan tydelikheid en ewigheid nie omgeruil word deur historiese tydstippe te verabsoluteer nie. Dit is vanuit die ewigheid van God dat die verlossing van die Skepping deur Christus gekom het - in besonder wat betref die uitleef van ons tydelike bestaan -. Dit is nie die uitleef van ons sondige tydelike bestaan en die fokus daarop wat ons na die ewigheid toebring nie.

[52] Vgl Kol. 3:1-4. Die bekende gedeelte van Kol. 1:15-20 is van besondere belang vir die vraagstuk wat in hierdie laaste paragraaf aan die orde gestel word.

14. Gevolgtrekking

Om die Kanon as hermeneutiese vertrekpunt vir die uitleg van die Skrif te neem, is om te bely dat die eenheid van God se Openbaring alle afsonderlike sosio-historiese kontekste verenig onder die vaandel van Jesus-Christus wat van elkeen bepaalde gehoorsaamheid eis. As sodanig is die Kanon met Christus as sentrum hiervan nie onderwerp aan elke tydsgees wat binne ‘n tydperk ontstaan nie. Negatief gestel: betekenis word nie aan die inhoud van die Openbaring toegeken vanuit en vanweë elkeen se bepaalde historiese situasie, maar vanuit en vanweë die ewige en soewereine inisiatief van God, deur die Verligting van die Heilige Gees. Die mense se veranderende situasies kan en mag nie die Kanon oorheers en probeer sy gesag oorneem nie. Positief gestel: die begrip Kanon druk die ewige karakter van die Woord van God uit, wat lig werp op elke afsonderlike situasie. Kortliks gestel: menslike tyd werp nie lig op God se ewigheid nie; vanaf sy ewige bestaan werp God in sy Openbaring lig op ons tydelike situasies.

OPSOMMING

-Die woord “hermeneutiek” verwys na die benadering en algemene reëls wat as geldig aanvaar word vir die uitleg van die betekenis van ‘n teks. Hulle behoort op samehangende wyse dit moontlik te maak om die verskillende gedeeltes van ‘n teks te kan peil en elkeen te kan plaas binne sy onmiddellike konteks asook binne die groter konteks waar dit verskyn. So behoort dit vir die lesers moontlik te maak om die teks op sinvolle wyse op hulleself te betrek.

-In die betrokke stuk gaan dit oor die Kanon as sleutelbegrip vir die verstaan van die Skrif (dus as hermeneutiese vertrekpunt) beide in sy verskeie gedeeltes en in sy geheel, sodat dit aan die aard van die Bybel as Heilige Skrif reg laat geskied. Die Kanon van die Skrif verwys nie net na ‘n lys van 66 boeke wat die Bybel vorm, en wat oor omtrent 1400 jare ontstaan het nie, maar na die eenheidskarakter van die Skrif as God se Openbaring, wat onder die leiding en inspirasie van die Heilige Gees van God na vore gebring is.

Benewens, soos in artikels 2 tot 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis saamgevat, verwys die begrip Kanon na die gesag wat die Heilige Skrif oor gelowiges dwarsdeur die geskiedenis het, omdat hulle dit as norm en maatstaaf vir hulle leer en lewe deur die geloof aanvaar.

-Die Skrif het binne ‘n verskeidenheid historiese kontekste ontstaan, wat, insover as dit kan, baie belangrik is om van kennis te neem, omdat God deur die geskiedenis homself geopenbaar het, terwyl hy deur sy Voorsienigheid oor die geskiedenis van die mens regeer. Die begrip Kanon benadruk egter die feit dat God se Openbaring nie net betrekking het tot afsonderlike kontekste nie (elkeen met sy besondere omstandighede), maar beskryf en spreek aan die mensdom in een en dieselfde toestand: Skepping, Sondeval en Verlossing vir dié wat in Christus glo, alles binne die voltooing van ‘n Goddelike plan. Die begrip Kanon lê dus die klem op die eenheid van God se Woord wat bo die tydelike grense en die verskillende situasies van elke groep mense gaan. Elke mens se basiese toestand in Adam (in sy sondige natuur) en in die Nuwe Adam (Jesus-Christus die Verlosser) word aangespreek; elke mens word voor God wat in die Kanon gepraat het, tot verantwoording geroep. Om die Kanon as hermeneutiese vertrekpunt vir die uitleg van die Skrif te neem, is om te bely dat die eenheid van God se Openbaring alle afsonderlike sosio-historiese kontekste verenig onder die vaandel van Jesus-Christus wat van elkeen gehoorsaamheid eis. As sodanig is die Kanon met Christus as sentrum hiervan nie onderwerp aan elke tydsgees wat binne ‘n tydperk ontstaan nie. Negatief gestel: betekenis word nie aan die inhoud van die Openbaring toegeken vanuit en vanweë elkeen se bepaalde historiese situasie, maar vanuit en vanweë die ewige en soewereine inisiatief van God, deur die Verligting van die Heilige Gees. Die mense se veranderende situasies kan en mag nie die Kanon oorheers en probeer sy gesag oorneem nie. Positief gestel: die begrip Kanon druk die ewige karakter van die Woord van God uit, wat lig werp op elke afsonderlike situasie. Kortliks gestel: menslike tyd werp nie lig op God se ewigheid nie; vanaf sy ewige bestaan werp God in sy Openbaring lig op ons tydelike situasies.